

Sondag 3 Mei 2020
Fokusteks: 1 Petrus 2:18-25

Dis nie lekker as iemand jou vals beskuldig nie. Dis nog slegter as jy iets goeds probeer doen het, maar dan onregverdig behandel word.

Daar kom oomblikke in jou lewe dat jy voel: *Nou het dinge te ver gegaan. Nou gaan ek nie meer die ander wang draai nie. Nou gaan ek nie meer stilbly en alles net verdra nie. Nou gaan ek terugslaan, terugbaklei, terugpraat.* Dikwels sê 'n mens dan goed wat jy nooit moes gesê het nie. Daar vorm 'n stuk bitterheid in jou hart wat nie maklik weer weggaan nie.

Dit is natuurlik te verstane dat 'n mens so reageer, want dit is tipies menslik. Ons is haastig om op ons regte te staan. *Ek moet myself laat geld. My naam moet in ere herstel word. Ek laat nie toe dat ander op my trap nie. Die waarheid oor my moet verdedig word. Wie met my sukkel, sal weet met wie hy te doen het.* Dis gewoonlik ons eerste reaksie. Al wat gebeur is 'n sirkelgang van aanval en teenaanval. So word die breuk tussen jou en die ander persoon net groter, met geen vooruitsig op herstel van vrede nie.

Op hierdie punt deel ek 'n storie van twee besigheidsmanne wat winkels regoor mekaar gehad het. Elkeen het hulle sukses vergelyk met die ander een se sukses. "Jaloesie" was die woord wat hulle verhouding die beste beskrywe het. 'n Engel het een van hulle besoek: "Jy kan enigiets kry wat jy wil hê", sê die engel. "Dit kan rykdom wees, wysheid, 'n lang lewe, baie kinders. Maar weet net dat enigiets waarvoor jy vra, jou mededinging oorkant die pad dubbeld van sal kry. Byvoorbeeld, as jy R20 000 vra, kry hy R40 000. Wat is jou wens? Die man het vir tyd lank gedink en toe gesê: "Ek wens ek het een blinde oog".

Genade klink goed op papier - dit klink goed solank dit oor jǒú gaan, maar genade vir iemand anders - dis 'n ander storie.

Ons teksgedeelte wil ons help om op die regte wyse op te tree wanneer ons swaarkry. Dit is belangrik om te verstaan dat hier nie van lyding in die algemeen gepraat word nie. Daarmee word bedoel die dinge wat oor ons pad kom soos ernstige siekte, finansiële terugslae, ongelukke en enigiets wat in die algemeen die lewe vir ons moeilik maak. Die situasie wat ons tans ervaar as gevolg van die Coronavirus kan ook hierby ingesluit word. Dit is iets wat oor ons pad gekom het waarvoor ons nie verantwoordelik was nie. Dit veroorsaak baie swaarkry vir baie mense, veral diegene wat nie toegang het tot behoorlike behuising, mediese versorging en voeding nie.

Dit is egter nie waarna Petrus verwys nie. Die lyding wat hier ter sprake kom is spesifiek *onverdiende* swaarkry. Dit handel oor lyding ter wille van Christus, lyding en swaarkry omdat jy Jesus navolg en in Hom glo. Petrus het in die begin van sy brief die gelowiges verseker van die lewende hoop wat hulle het deur Jesus se opstanding (1 Pet.1:3,4). Noudat hulle in verbintenis met Jesus lewe, moet dit ook sigbaar word in hul praktiese lewenswandel, en wel deur hul liefde onder mekaar (1 Pet.1:22). Dit is die teken van gehoorsaamheid aan God. Hulle moet verder geestelik groei deur hulle as lewende stene tot 'n geestelike huis te laat opbou (1 Pet.2:5). Ons fokusteks bring die nuwe lewenswyse tot elkeen persoonlik. Hoe gaan hulle optree as hulle vervolgt, beledig en verneder word omdat hulle aan God gehoorsaam wil wees? Wat gaan hulle reaksie wees as hulle selfs onbillik deur ander mense behandel word?

Petrus pas dit toe (vers 18) op bediendes, eintlik slawe, wat deur hulle meesters benadeel word. Dit gaan nie hier oor onderdanigheid aan die werkgewers nie, maar onderdanigheid aan God. Hulle gewete is aan God verbind. Christene tree met liefde en respek op teenoor alle mense en in alle omstandighede omdat God se wet van liefde die deurslaggewende beginsel in hul lewe is. Ons word verseker van God se genade wanneer ons aan die ontvangkant van mense se onregverdig optrede is. So staan dit in verse 19 en 20:

¹⁹*Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.*

²⁰*As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God.*

Daar is geen verdienste in om straf te verdra as jy dit verdien nie, maar as jy ly omdat jy wil goed doen en so aan God gehoorsaam bly, is dit genade. Dit is iets wat ons nie graag wil hoor nie, want ons soek regverdigheid en billikheid. Ons wil eerder die ander persoon in eie munt terugbetaal. Petrus wys ons daarop dat dit nie meer oor óns gaan en oor wat óns wil hê nie. Dit gaan oor wat Gód wil hê. Om die waarheid te sê, volgens vers 21 ons is daarvoor geroep. Dit is ons opdrag om sulke lyding te verduur wanneer ons daarmee gekonfronteer word. Petrus gebruik 'n Griekse woord wat dit vir die lesers van daardie tyd makliker gemaak het om te verstaan wat hy bedoel. Kom ons lees weer v.21:

Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.

Die woord, **voorbeeld**, is in Grieks, *hypogrammon*. Dit is 'n tablet waarop jong kinders geleer en geoefen het hoe om te skryf. Die leermeester skryf die letters en die kinders moet dit dan presies so natrek. Die letters moet lyk soos die leermeester se eie handskrif. Petrus gebruik hierdie beeld om te sê dat ons in ons optrede Jesus se gesindheid moet naboots en natrek.

Jesus is vir ons die volmaakte voorbeeld van so 'n optrede. In vers 22 haal Petrus aan uit Jes.53:9 en maak die beskrywing van die dienaar van God van toepassing op Jesus: *Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.* Jesus het vir ons 'n voorbeeld nagelaat wat ons moet navolg. In sy voetspore moet ons volg. Volgens verse 22,23 is daar vier kenmerke van Jesus se reaksie op onbillike behandeling wat ons moet navolg:

1. Hy het nie sonde gedoen nie.
2. Hy het nie bedrog gepleeg nie.
3. Hy het nie teruggeskel nie.
4. Hy het nie gedreig nie.

Hoe het Jesus die pyn hanteer wat deur mense aan Hom gedoen is? Wat het Hy daarmee gemaak? Vers 23 sê dat Hy dit *alles aan God oorgelaat het wat regverdig oordeel*. Die onbillike oordeel van mense weeg nie op teen die regverdige oordeel van God nie. Die Here is nie blind vir wat gebeur nie. Hy ken die bedoeling van jou hart.

Beteken dit dat ons maar vir alles moet stilbly? Moet ons die gesig wegdraai as ons bewus raak van onreg teenoor mense? Sekerlik nie. Maar as ons praat moet dit God se Woord wees en nie ons eie woorde nie. Dit is waar die uitdaging lê. Praat jy dan uit jou eie, menslike hart, of uit die hart van God?

Daar is die storie van 'n jong meisie wat by haar vriendin se huis eet. Dié vriendin se ma vra haar of sy van Brusselse spruite hou. "Ja, natuurlik" het die meisie geantwoord: "Ek hou sommer baie van Brusselse spruite." Nadat hulle klaar geëet het, kom die vriendin se ma agter dat die meisie nie aan haar Brusselse spruite geraak het nie! "Maar ek het dan gedink jy hou van Brusselse spruite" vra die ma toe die meisie.

Die meisie antwoord: "Ja, verseker, maar nie regtig genoeg om hulle te EET nie!"

Ons as Christene sê ook ons hou sommer baie van goed soos vrede, harmonie, liefde... maar nie regtig genoeg om iets daaromtrent te doen nie!

Is dit vir ons moontlik om die voorbeeld van Jesus te volg? Nee, nie uit eie krag nie, maar wel deur die krag van God. Petrus troos ons in verse 24,25 met die goeie nuus dat ons sondes - dit sluit ook ons sondige en

geniepsige reaksies in - deur Jesus se liggaam aan die kruis gedra is. Hy maak dit vir ons moontlik om nou vir die sonde dood te wees en aan die wil van God gehoorsaam te word. Ons kan verder getroos word deur die feit dat hierdie lewe nie tevergeefs is nie. Die laaste woord lê nie by mense se onreg nie, maar by God se regverdige oordeel. God is die Herder en Bewaker van ons lewe en ons is veilig in sy sorg. Daarom kan ons soveel te meer al ons vertrou in Hom plaas!

Gebed (Lied 276)

Leer ons om in eie oë
klein te wees voor U, o Heer,
diep bewus van onvermoë
om u Naam opreg te eer.
Maak ons nederig en stil
om te lewe soos U wil.

Daar is by ons soveel weerstand,
teen u wil, u Woord, o Heer.
Ons bied soveel kere teenstand,
wil ons nie deur U laat leer.
Skep in ons 'n nuwe gees;
laat ons U gehoorsaam wees.